

Vrydag 19 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 95

Fokusgedeelte: Psalm 95:6, 7

Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer!

Elke dag ontmoet ons baie mense. Die meeste ontmoetings is alledaagse roetine. Die kommunikasie neem meestal die vorm van clichés aan. So deel ons 'n groot deel van ons week met ander mense wat nie noodwendig en in elk geval nie deurlopend ons lewe beïnvloed nie. Hulle is maar net daar: kennisse, kollegas, medelidmate en terloopse vriende. Die gevaar is dat wanneer ons iemand gereeld sien of ontmoet, hierdie ontmoetings bloot momente in 'n gejaagde lewe kan word.

Dit mag egter nie gebeur wanneer ons die belangrikste Persoon in ons lewe ontmoet nie. Daarom begin elke erediens met die votum. Deur hierdie oënskynlik onbelangrike roetinehandeling word ons herinner aan die doel van die gemeente se ontmoeting met God. In 'n feestelike atmosfeer word die volk opgeroep om God te loof en te eer. Die grootsheid van 'n ontmoeting met Hom word beklemtoon indien ons steeds besef Wie Hy is en wat ons verhouding met Hom is.

In die psalm word dit verwoord in die pragtige metafoer van 'n Herder wat omsien na sy skape. Hy is dus die almagtige God van wie ons hele bestaan afhanklik is. 'n Tweede perspektief word egter bygevoeg. Ons ontmoeting met Hom kan nie sinvol wees indien ons nie in gehoorsaamheid aan Hom leef nie. Dan beteken ons lofverheffing en nederige eerbetoon letterlik niks.

Die ontmoeting met God mag dus nooit maar net blote roetine word nie. Dit bly spesiaal omdat dit my krag gee om die res van die week in sy teenwoordigheid te leef.

Sing: Psalm 95-1:1, 4

Ds. D Pansegrouw (Dirk) (emeritus)